


© Die Oratorium Uitgewery

# ST. JOSEF VAZ

## 16 JANUARIE

(1651-1711)

Hy is in die destydse Portugese kolonie van Goa in Indië gebore. Hy word priester en een van die stigterslede van die Oratorium daar, die eerste in Asië. Berigte bereik hom van hoe swaar die Katolieke bevolking van Ceylon (moderne Sri-Lanka) onder hul Nederlandse Calvinistiese heersers ly. Alle Katolieke priesters is uit die land verban. Hy gaan na Ceylon en begin, vermom as bedelaar, onder die Katolieke werk. Die owerhede begin ’n grootskaalse soektog na hom en hy moet die heeltyd op die vlug bly. Hy wyk uit na die koninkryk van Kandy, die enigste deel van Ceylon wat nie onder die koloniale gesag van die Nederlanders was nie. Uiteindelik wen hy die plaaslike koning se vertroue, in 1697 word godsdienstige vryheid aan die Katolieke toegestaan en sluit ’n aantal van sy mede-Oratoriane by hom aan. Hy word vandag vereer as die Apostel van Sri-Lanka.